KAROO HOOGLAND MUNISIPALITEIT

BELEID : SUBSIDIE VIR BEHOEFTIGE HUISHOUDINGS

1. INLEIDING

Die doel van ’n subsidiebeleid vir behoeftiges is om te verseker dat die huishoudings met ’n laer inkomste nie ’n redelike diens ontsê word nie en aan die anderkant dat ’n finansiële las weens wanbetaling van dienste nie op die munisipaliteit geplaas word nie. Ten einde die doel te bereik, is dit belangrik om ’n billike perk te stel en dan ’n billike subsidie op tariewe vir die basiese minimum dienste – water, sanitasie, vullisverwydering en in ’n mindere mate elektrisiteit – te voorsien. Eiendomsbelasting word nie gesubsidieer nie.

2. BEPALING VAN BEHOEFTIGE HUISHOUDINGS

Die Sentrale Regering het ’n perk van hoogstens R1 740,00 ten opsigte van totale inkomste per huishouding gestel om as behoeftiges geklassifiseer te word. Aansoekvorms (Aanhangsel A) sal beskikbaar gestel word vir verbruikers wat kwalifiseer. Die onus berus by die verbruiker om vir die behoeftigheidsubsidie aansoek te doen deur die nodige aansoekvorm te voltooi en die verlangde dokumentasie te verskaf.

3. GOEDKEURING VAN AANSOEKE

Die Tesourier sal die voltooide aansoekvorms kontroleer en nadat al die vereistes nagekom is, die aansoek goedkeur en reëlings tref dat die behoeftigheidsubsidie op die rekeninghouer van toepassing gemaak word.

Die volgende bepalings sal van toepassing wees op elke aansoek:

3.1 Bewys van inkomste in die vorm van ’n brief van die werkgewer, salarisstrokie, pensioenkaart of ander bewys van inkomste moet voorgelê word.

3.2 Beëdigde verklarings ter bevestiging van die korrektheid van die inligting op die vorm moet gedoen word.

3.3 Die goedkeuring is geldig vir 1 jaar vanaf 01 Julie tot 30 Junie indien fondse beskikbaar is. Die huishouding sal verplig wees om jaarliks weer aansoek te doen.

3.4 Indien ’n huishouding se finansiële posisie gedurende die goedkeuringstydperk verander, moet die Tesourier in kennis gestel word sodat die subsidie gewysig kan word indien nodig. Indien die vermoede bestaan dat daar wel ’n verandering in inkomste plaasgevind het en dit nie gerapporteer is nie, het die Tesourier die reg om ondersoek in te stel.

3.5 Nuwe aansoeke kan deurlopend ingedien word indien huishoudings se finansiële posisie sodanig verander dat hul kwalifiseer. Die subsidie sal dan slegs vir die onverstreke gedeelte van die goedkeuringstydperk toegeken word.

3.6 Die subsidie is nie van toepassing op huishoudings wat meer as een eiendom besit nie.

3.7 Die Raad mag ander voorwaardes en prosedures wat van tyd tot tyd nodig geag te word, voorskryf.

4. SUBSIDIëRING VAN MAANDELIKSE REKENING

Huishoudings wat kwalifiseer sal ’n subsidie van 100 % ontvang vir die heffing van basiese dienste (water, riolering en vullisverwydering) tot ’n maksimum van R95,00.

Indien die verbruiker nie die nodige aansoek vir die subsidie vooraf ingedien het en dit goedgekeur is nie sal hy/sy ten volle verantwoordelik wees vir betaling van die totale rekening.

5. AGTERSTALLIGES TEN OPSIGTE VAN BEHOEFTIGE HUISHOUDINGS

Huishoudings wat by die implementering van die subsidieskema agterstallig met hul diensterekeninge is, kan met die Tesourier reëlings tref om die agterstalliges binne ’n redelike tyd af te betaal. ’n Skriftelike onderneming vir die afbetaling moet gegee word. Hierdie betaling moet maandeliks saam met die betaling soos omskryf in paragraaf 4 gedoen word voordat die subsidie toegestaan sal word.

6. NIE-NAKOMING VAN BEPALINGS OM TE KWALIFISEER VIR SUBSIDIE

Waar ’n huishouding wat kwalifiseer vir subsidie enige van die neergelegde bepalings om subsidie te ontvang nie nakom nie, sal die subsidie gestaak word en word hulle behandel ooreenkomstig die Raad se Kredietbeheermaatreëls.

7. SUBSIDIE VIR LANDELIKE GEBIEDE

Basiese minimum dienste word tans nie in die landelike gebiede gelewer nie. Die beskikbare fondse uit Inter-Owerheidstoekennings sal aangewend word om water, riolering en elektrisiteit aan plaaswerkers te verskaf.

Dienste sal dus nie gesubsidieer word nie, maar wel kapitale verbeteringe in die vorm van waterpunte, toilette en elektriese installasies. Die subsidie sal aan die plaaseienaar beskikbaar gestel word om die verbeteringe aan die plaaswerkers se wonings aan te bring.

8. GRATIS WATER

Alle verbruikers word vir die eerste 6 kiloliter verbruik gesubsideer. Die subsidie is slegs vir werklike gebruik betaalbaar.